MEMORANDUM

No. 9 van 2006: Stigting en Ontbinding

Staatmakergroepe kan in Die Voortrekkers funksioneer as volg:

- Staatmakergroep binne ‘n kommando; en
- Staatmakergroep los van ‘n kommando

In November 2002 tydens ‘n noodvergadering van Transvaal Staatmakers is daar besluit dat wanneer daar minder as vyf Staatmakers in ‘n groep is, hulle in moet skakel by die naaste Staatmakergroep in hulle omgewing. Hulle registrasie en lidmaatskap bly by hulle oorspronklike groep, maar hulle funksioneer as skakellede by die groep waarby hulle inskakel.

Vereistes vir Groepstigting

Die stigting van 'n Staatmakergroep los van ‘n kommando geskied ooreenkomstig met die bepalings vir die stigting van veldkornetskappe los van ‘n kommando met die voorbehoud dat:

- die Gebiedskomitee: Staatmakers se toestemming verkry word om ‘n nuwe Staatmakergroep te mag stig;
- die betrokke Adjunkgebiedsleier: Administrasie se toestemming verkry word om ‘n nuwe groep te mag stig;
- die stigtingsvergadering saamgestel word uit alle voornemende Staatmakers en belangstellendes;
- die vergadering val onder voorsitterskap van die betrokke Oordleier in wie se Oord die groep sal resorteer;
- die betrokke Adjunkgebiedsleier: Administrasie of Adjunkgebiedsleier wat as voog van die Staatmakers optree, asook die Staatmaker dagbestuur van die Gebiedskomitee: Staatmakers (Gebiedskakeldraer, Adjunkgebiedskakeldraer en Adjunkgebied-skakeldraer: Administrasie) ook genooi word; en

- die kennisgewing vir die vergadering ten minste 14 dae voor die tyd uitgestuur sal word.

Die stigting van 'n Staatmakergroep binne 'n kommando geskied onder die leiding van die kommandodagbestuur, met die voorbehoud dat:

- die Gebiedskomitee: Staatmakers se toestemming verkry word om ‘n nuwe Staatmakergroep te mag stig;
- die betrokke Adjunkgebiedsleier: Administrasie of Adjunkgebiedsleier wat as voog van die Staatmakers optree, asook die Staatmaker dagbestuur van die Gebiedskomitee: Staatmakers (Gebiedskakeldraer, Adjunkgebiedskakeldraer en Adjunkgebied-skakeldraer: Administrasie) ook genooi word na die stigtingsvergadering; en
- dat die kommandobestuur op die Staatmakergroep Bestuur verteenwoordig is.